Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

"My scientist friends have come up with things like 'principles of uncertainty' and dark holes. They're willing to live inside imagined hypotheses and theories. but many religious folks insist on answers that are always true. We love closure, resolution and clarity, while thinking that we are people of 'faith'! How strange that the very word 'faith' has come to mean its exact opposite."
— Richard Rohr

Woorddiens

Tema: Toegesluit of afgesluit

Skriflesing: Johannes 20:11-23

Broodjies vir die pad

"There is no perfection only life"
— Milan Kundera, The Unbearable Lightness of Being

"We pass through the present with our eyes blindfolded. We are permitted merely to sense and guess at what we are actually experiencing. Only later when the cloth is untied can we glance at the past and find out what we have experienced and what meaning it has."
— Milan Kundera, Laughable Loves

"There are two basic motivating forces: fear and love. When we are afraid, we pull back from life. When we are in love, we open to all that life has to offer with passion, excitement, and acceptance. We need to learn to love ourselves first, in all our glory and our imperfections. If we cannot love ourselves, we cannot fully open to our ability to love others or our potential to create. Evolution and all hopes for a better world rest in the fearlessness and open-hearted vision of people who embrace life."
— John Lennon

Notre Dame laat 'n stukkie geheue loskom

Wilhelm Jordaan

Soos miljoene ander mense het ek spontaan gehuil toe ek sien die Notre Dame-katedraal in Parys is in vlamme gehul.

Elkeen se trane en verslaenheid val sekerlik in die trant van die Britse kunshistorikus Kenneth Clark se opmerking in 'n ou TV-program: "What is civilisation? I don't know, and I can't define it in abstract terms, yet. But I think I can recognise it when I see it, and I'm looking at it now." En met 'n gebaar wys hy na Notre Dame skuins agter hom.

Ja, Notre Dame, wat 800 jaar oud is, is inderdaad 'n simbool van die Europese geskiedenis en van die ganse Christendom. Meer bepaald ook Frankryk se rol daarin.

Eers agterna het ek verstaan my trane het ook te doen met 'n stukkie geheue wat losgekom het: In 1987 het ons gesin (toe sewe in getal) alle opgegaarde spaargeld opgebruik om amper sewe weke lank in Europa te gaan toer – as die "kuddetjie van sewe".

Een van ons kosbaarste besittings is 'n foto wat van ons geneem is vanaf die trappe van die 770 jaar oue Domkerk, die Gotiese katedraal in Keulen, Duitsland, waar ons by 'n groot kennisgewingbord van die Duitse treindiens staan: Fahren Sie Nicht Ohne (reis nie daarsonder nie), wat reisigers maan om hul kaartjies vooraf te koop. Dié woorde had vir my 'n mistieke betekenis: Oral waar jy gaan, "reis" jóú mense met jou saam.

Sondag 2 Augustus 1987 was ons laaste toerdag in Parys. En ons besluit om Notre Dame weer te besoek en te kyk of ons dalk 'n oggendmis kan bywoon. Vir ons 'n dankbaarheidsmis.

'n Toesighoudende priester laat ons toe om oor 'n versperring te klim om daaraan deel te hê. Daar sit ons toe – sewe Protestante in die boesem van die Roomse gevaar!

Toe hoor ek hoe die diensdoende priester die Apostoliese Geloofsbelydenis in Latyn voordra: "Credo in Deum Patrem omnipotentem, Creatorem caeli et terrae,/et in Iesum Christum, Fil-lium Eius unicum, Dominum nostrum . . ."

Net daarna vul koorsang die kerk se enorme ruimte.

Opeens was ek oorstelp én bedroef. Oorstelp omdat die vreemde klanke van 'n uitgestorwe taal, so saam met hemelse musiek, my meevoer op 'n manier wat my moedertaal dit nie doen nie. En bedroef omdat dit my verlangend laat dink het aan lank, lank gelede, toe alles so eenvoudig was en maklik om te glo.

Terwyl ons later in die hotelkamer inpak vir huis toe vlieg die volgende dag het ek dié versie op 'n stukkie papier geskryf: "In die Notre Dame steek mense teen betaling van 'n frank kersies aan / vir die moeder van God. / En ek wonder: Waar is God? / Twee jong meisies in sjoe-sjoe broekies geklee doen ook mee / saam met 'n krom ou tantetjie / en bid blinkoog in die kerslig tot die Here God. / Toe brand dit in my: Sjoe, oweral is God."

Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/notre-dame-laat-n-stukkie-geheue-loskom-20190423

"The best remedy for those who are afraid, lonely or unhappy is to go outside, somewhere where they can be quite alone with the heavens, nature and God. Because only

then does one feel that all is as it should be and that God wishes to see people happy, amidst the simple beauty of nature. As longs as this exists, and it certainly always will, I know that then there will always be comfort for every sorrow, whatever the circumstances may be. And I firmly believe that nature brings solace in all troubles."
— Anne Frank, The Diary of a Young Girl

Om te bid vir verlossing in die dood

Dana Snyman

Hy was die oggend in sy winkel op Soebatsfontein doenig, vertel oom Soekie Goosen, hier kom tant Sêra aan. Een van die plaaslike mense. Kom help, Meester, sê sy. Andries roep vir Meester.

Hy is vas by die winkel, sê oom Soekie vir haar. Kan hy nie maar vanaand kom nie? Maar tant Sêra bly karring: Andries, haar man, soek hom.

Oom Soekie het die winkel gehad, en hy was die posmeester. Soms het hy sommer vir die mense gepreek ook. Hul naaste predikant het op Kamieskroon gesit.

Ek sê vir ou Sêra, goed, as dit dan moet, en ek stap oor na die Blou Kamp toe, vertel oom Soekie. Die bruin mense het toe in die Blou Kamp gebly. Ek kom daar by Andries se huisie, en ek sien die ou is ellendig. Hy kry skaars die woorde uit.

Ons het nie vir kanker geken in daai jare nie. Maar ek skat hy't kanker gehad.

Hy is net 'n bondel bene. 'n Arm, eenvoudige ou mens. Kan nie lees nie. Het sy lewe lank skaap opgepas.

"Ek wil hê Meester moet vir God vra om my te kom vat," sê Andries.

Ek dag ek kan mos nie in daai rigting bid nie. 'n Mens kan mos nie bid en vir die dood vra nie. En ek bid en vra vir God om Andries se pyn te verlig en hom beter te maak, en ek groet hom en gaan terug winkel toe.

Die volgende dag, hier is ou Sêra weer, sê oom Soekie. Andries roep weer na my. Ek is toe maar weer Blou Kamp toe.

"Meester het nie gister reg gebid nie," sê Andries met 'n flou asempie.

"Meester moet bid dat God my kom vat. Die pyn, Meester."

Ek kan nie in daai rigting bid nie, ou Andries, sê ek vir hom. En ek bid en vra maar weer: Dierbare Vader, laat ou Andries se pyn skietgee. Kyk hoe lyk die ou man.

Maar daai nag kan ek nie slaap nie. Andries is die hele tyd in my gedagtes.

Later sê ek vir God: God, Andries wil hê ek moet bid dat U hom kom haal. Mag ek dit doen? Sê vir my.

Die oggend, nog voor ek die winkel oopsluit, hier is Sêra weer. Andries vra al weer na my.

Help my, liewe Vader, dink ek, en gaan maar Blou Kamp toe. Ou Andries trek hom so halfregop in die katel, gedaan.

"Meester moet my nou genadig wees," sê hy. "Ek kan nie meer nie."

Ou Sêra is ook by. Sy vee die sweet met 'n asynlap van Andries se gesig af. "Ons het al self ook gebid, Meester." sê sy, "Maar dit smaak my God luister nie na ons nie. Meester is die een wat Bybel lees en hier vir ons kom preek van sy genade. Vra vir God, Meester."

"Wat doen 'n mens as iemand so 'n ding vir jou sê?" vra oom Soekie. Ek was net terug by die winkel, toe kom ou Sêra weer daar aan.

Ou Andries lê nou al vir hoeveel jaar in die Blou Kamp se begraafplaas begrawe.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-te-bid-vir-verlossing-in-die-dood-20190419

Brood vir die pad

Waarvan is die kruis vandag vir ons 'n teken?

RRV

Een van die beelde wat die afgelope week dikwels op sosiale media gedeel is, is Philippe Wojazer se foto van die binnekant van die Notre Dame-katedraal kort ná die verwoestende brand wat Maandag daar uitgebreek het.

Met smeulende puin sigbaar in die voorgrond, val die lig in die foto op 'n groot kruis agter die altaar. Vir baie mense dien dié beeld, te midde van hul eie moontlike ervaringe van donkerte en aftakeling, dan ook as 'n hoopvolle simbool van die belofte van herstel en nuwe lewe.

Ons weet egter ook dat die kruis nie vir almal dieselfde assosiasies oproep nie.

Vir sommige is die kruis bloot 'n simbool van hul kulturele identiteit of dien dit as aanduiding van 'n sisteem van morele waardes.

Vir ander weer is die kruis 'n harde simbool wat staan vir die ongenaakbaarheid en arrogansie van Christene en kerke, en word dit daarom met pynlike ervaringe van onderdrukking en uitsluiting verbind.

So nie almal sien die kruis as 'n teken van heling en bevryding in die lig van Christus se pad na, en ook deur, die kruis nie.

In hierdie tyd van Pase kan ons daarom tereg vra waarvan die kruis vir ons vandag 'n teken is.

In sy boek *Heart of the World* nooi die Rooms-Katolieke teoloog Hans Urs von Balthasar ons uit om op 'n baie spesifieke manier na die kruis te kyk.

Hy begin sy boek met dié woorde: "The very form of the cross, extending out into the four winds, always told the ancient church that the cross means solidarity: its outstretched hands would gladly embrace the universe."

In aansluiting by 'n frase uit die oudkerklike dokument "Die Didache" (of "Die Onderwysing van die Twaalf Apostels") verwys Von Balthasar na die kruis as 'n *sémeion epektaseós*, 'n teken van uitstrekking.

Die kruis dien dus by uitstek as die simbool van die reikwydte van God se liefde en genade. En iets hiervan word gesien in hoe Christus aan die kruis in solidariteit en deernis uitreik na die misdadigers wat langs hom hang.

In 'n tyd van groeiende verdeling en vreesgedrewe afgrensing – op kulturele, politieke en godsdienstige gebied – kan Paasfees vanjaar weer 'n geleentheid bied om opnuut na die kruis as teken van insluitende uitstrekking te kyk.

En om Von Balthasar se aanhaling van Lactantius, 'n vroeg-Christelike denker uit Noord-Afrika, te bedink: "In sy lyding het God sy arms uitgestrek en die wêreld omhels, en sodoende 'n voorskou gebied van die mense wat van die ooste tot die weste sou kom om plek onder sy vlerke te vind."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/waarvan-is-die-kruis-vandag-vir-ons-n-teken-20190419

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877